**Liturg: Ds Johan Willemse**

**Nagmaal**

**Teks:**

Lukas 7:36-50

**Fokusvers:**

Lukas 7:47

**Tema:**

Groot vergifnis wat sondaars dryf tot baie liefde.

**Datum:**

17 Augustus 2025

1. **<u>Inleiding</u>**

Geliefdes in ons Here Jesus,

Soms laat ʼn verhaal ʼn mens met meer vrae as antwoorde. Vandag se gedeelte is een so ʼn verhaal.

Die hele manier hoe **die verhaal begin,** skep soveel vrae by ons: Wie is Simon die Fariseër? Hoekom het hy vir Jesus genooi om by hom te kom eet? Wie is hierdie vrou? Wat is haar sonde, dat sy regoor die hele dorp bekend staan as ʼn "*sondige vrou*"?

En daarmee saam het die verhaal ʼn **oop einde**: Ons weet nie hoe Simon of die gaste gereageer het op Jesus se woorde nie. Ons weet nie wat met die vrou gebeur het nie. Was die maaltyd sommer ook nou verby?

Ons het soveel vrae wat ons vir Lukas kan vra. In die begin van die evangelie sê hy dat hy alles noukeurig wou neerskryf, hoe kon hy dan so baie gate in sy verhaal los?

Maar juis dit is die hele punt, geliefdes. Lukas sê nie te min nie, hy sê ook nie te veel nie. Hy vertel presies net dít wat ons moet hoor. Dit is nie ons wat vir Lukas die vrae moet vra nie. Dit is eintlik hy wat vir óns ʼn vraag vra:

Met watse gesindheid kom jy na die Here Jesus toe? Hoe lyk jou hart wanneer jy tot Hom nader? Dit het veral betrekking op vandag: Met watse gesindheid kom jy na die nagmaaltafel toe?

Met dit in gedagte, kom ons ondersoek die gedeelte om hierdie vraag te beantwoord.

## 2. <u>Liggaam</u>

### 2.1. Die maaltyd en die vrou:

Die verhaal begin met Simon die Fariseër wat vir Jesus uitnooi om by hom te kom eet. Die oorspronklike taal wys dat hy ŉ paar keer (herhaaldelik) probeer het om vir Jesus uit te nooi. Uiteindelik het Jesus sy uitnodiging aanvaar.

**Hoekom** Simon vir Jesus uitgenooi het, weet ons nie presies nie. Die Fariseërs het oor die algemeen ŉ belangstelling in Jesus getoon. Miskien het Simon vir Jesus bewonder en wou hy meer leer. Vers 39 wys dat Simon dalk gedink het dat Jesus ŉ profeet is en hy wou uitvind of dit regtig so is.

Die punt is, ons weet nie. Lukas wil vir ons wys dit gaan nie oor Simon se *hoekom* nie, maar eerder sy ***gesindheid*** *daarmee*.

**[LP]**

Jesus gaan die huis binne en leun aan vir ete. Baie kere het die Jode aan tafel gesit en eet, maar tydens spesiale geleenthede, soos ŉ feesmaal of bruilof het mense aangeleun om te eet. Hulle lê op kussings en rus met hulle linkerarms op ŉ lae tafel, sodat hulle met hulle regterhande kan eet.

En dan word die ete skielik onderbreek... Vers 37 is ŉ dramatiese oomblik. Dit begin met die woorde: "*En kyk.*" Die kamer gons, die mense klets. Sommiges neem hulle plek in... **[LS]** en dan skielik word dit stil. By Jesus se voete staan daar ŉ vrou van die dorp wat ŉ sondige lewe gelei het.

Daar is weereens baie vrae rondom die vrou:

- Lukas noem nie haar **naam** nie. Hy sê net: *ŉ sekere vrou.*
- Lukas noem nie haar **adres** nie. Hy sê net: *in die dorp.*
- Hy noem ook nie haar **sonde** nie. Hy sê net: *sy het ŉ sondige lewe gelei.*

Hier is die onbekende vrou, sonder naam of herkoms. Al wat ons van haar weet, is dat sy ŉ sondaar is. Nie net dit nie, maar die hele dorp ken haar as ŉ sondige vrou. Dit was ŉ openbare sonde en bekend by al die mense. Sy was ŉ sondares, dit was haar identiteit.

En tog kom sy na Jesus toe.

Iewers het sy die goeie nuus gehoor, Jesus is in die dorp en aan tafel by Simon die Fariseër. Ons weet nie waar sy daarvan gehoor het nie. Ons weet nie hoe sy die huis binnegekom het nie. Maar sy het gekom. Sy is hier <u>met ŉ doel</u>, **niks en niemand gaan haar keer nie.**

In haar hande het sy ŉ flessie met reukolie. In sulke flessies is die kosbaarste olies gehou. Hierdie reukolie het haar waarskynlik ŉ reusebedraggeld gekos, maar dit het haar nie gekeer nie.

Sy weet dat sy as vrou nie ŉ vertrek mag binnekom waar mans eet nie. Sy weet dat sy as sondares geen Fariseër se huis mag binnegaan nie. Dit moes verskriklik baie moed gevat het om voor al hierdie mense, wat haar as sondaar ken, in te kom. Maar niks gaan haar nie keer nie!

Sy kom nader en gaan staan agter Jesus. Maar dan gebeur daar iets wat sy nie voorsien het nie. As sy by die Here se voete staan, is haar ontroering so groot dat sy in trane uitbars. Trane wat Jesus se voete papnat maak. Letterlik staan daar dat haar trane soos stortreën sy voete natgemaak het.

Daarna maak sy haar hare los. Iets wat in die kultuur skandelik was vir vrouens om te doen. Maar niks gaan haar nie keer nie. Sy maak los, droog sy voete met haar hare af, sy soen Jesus se voete en gooi die kosbare, duur reukolie daarop uit.

**[KP]**

Broers en susters. Wat het gebeur dat die vrou se hart so diep gesny is dat sy deur niks gekeer kon word om na Jesus toe te kom nie? Wat het in haar hart aangegaan dat sy met ŉ stortreën

van trane oorval word toe sy uiteindelik by Hom kom? Wat was die vrou se gesindheid waarmee sy na Christus toe gekom het?

Voordat Jesus vir ons die antwoord gee, vertel Hy eers ŉ gelykenis.

### 2.2. Die gelykenis vir die Fariseër:

Die Fariseërs het die volk ingedeel in twee kategorieë, regverdiges en sondaars.

Hulle het hulleself as die regverdiges beskou. Hulle het hulle lewe toegewy aan heiligheid en reinheid. Die mense wat nie soos hulle was nie, het hulle minderwaardig geag. Dit was hulle, die regverdiges, en dan die res. Sondaars, tollenaars, prostitute en almal wat met hulle omgaan. Die regverdiges het nie gemeng met daardie soort mense nie.

Hulle het rondgeloop met skoon hande, hoekom sou hulle nou in die modder gaan rondkrap? Daarom was dit vir hulle vreemd dat die Here Jesus Hom met sondaarmense bemoei het (7:34).

Simon was geen uitsondering nie. Toe die sondige vrou in sy huis inkom om Jesus se voete te salf, was hy baie ontsteld. Hy sê vir homself: "*As Jesus ŉ profeet was, sou Hy geweet het wie en watter soort vrou dit is wat Hom aanraak.*"

Terwyl Simon dink dat Jesus nie weet wat in die vrou se lewe aangaan nie, is dit eintlik Simon self wat nie weet nie. As hy maar net geweet het Wie regtig by hom aan tafel was. As hy geweet het wat in daardie vrou se hart leef, dan sou hy haar anders beoordeel het. As hy iets van sy eie sonde besef het, dan sou hy ook dalk met ŉ ander gesindheid gekom het. Maar Simon besef nie en verstaan nie.

**[KP]**

Die noukeurige leser sou agterkom dat daar tot op hierdie punt in die verhaal gladnie gepraat was nie. Alles het dramaties afgespeel, sonder dat daar ŉ woord gesê was. En dan, vir die eerste keer, onderbreek Jesus die stilte met ŉ vraag.

Dit was ʼn gewoonte om by sulke maaltye belangrike vraagstukke te bespreek. Gewoonlik is ʼn vraag aan die belangrikste persoon gestel. Jesus bewys dus baie respek aan Simon deur juis vir hóm ʼn vraag te vra. Simon is ongemaklik, maar gemanierd en sê: "*Meneer, sê dit maar.*"

Jesus vertel dan die gelykenis van ʼn geldskieter en twee skuldenaars. Alhoewel die verhaal redelik eenvoudig is om te verstaan, is daar twee belangrike dele wat ons nie moet miskyk nie:

i. Geldskieters was nie verplig om hulle skuldenaars kwytskelding te gee nie. In die kultuur was dit eintlik ʼn baie **vreemde** ding om te doen. Die geldskieter bewys dus <u>buitengewone genade</u>.
ii. Alhoewel die een min skuld en die ander baie, was beide van hulle <u>nie in staat</u> om terug te betaal nie. Albei het hierdie **genade nodig gehad**.

Jesus se vraag is dus voor die hand liggend: "*Wie van die twee skuldenaars sal die geldskieter die meeste liefde bewys?*" Simon antwoord: "*Ek veronderstel die een vir wie hy die meeste kwytgeskeld het.*"

Noudat Simon die situasie wat voor hulle afgespeel het verstaan, rig Jesus ons aandag op die verskillende gesindhede.

### 2.3. Ons gesindheid om tot Christus te nader:

Simon sê die een wat baie vergifnis ontvang het, sal baie liefde bewys. En wat doen Jesus? Hy draai om na die vrou toe. "*Simon: "Sien jy hierdie vrou?*"

Toe jou gaste ingekom het, het jy hulle voete laat was, maar vir My stowwerige voete het jy nie eens ʼn bietjie water aangebied nie. Hierdie vrou het met haar **trane** my voete gewas en dit met haar **hare** afgedroog.

Simon, jy het my nie eens waardig geag om ʼn soen op my **gesig** te gee nie. Hierdie vrou het nie opgehou om my **voete** te soen nie.

Jy het nie eens die moeite gedoen om vir my **kop** ’n bietjie goedkoop olyfolie te gee as salf nie. Maar hierdie vrou het my **voete** met duur en kosbare reukolie gesalf.

Simon het nagelaat om die minste moeite te doen. En die vrou? Jesus sê: “*Omdat haar sondes wat baie is, vergewe is, daarom bewys sy baie liefde.*”

Wat het gebeur dat die vrou se hart so diep gesny is dat sy deur niks gekeer kon word om na Jesus toe te kom nie? Wat het in haar hart aangegaan dat sy met ’n stortreën van trane oorval word toe sy uiteindelik by Hom kom?

**[LP]**

Sy het die oorweldigende liefde en genade van ’n Hemelse Vader beleef. ’n Vader wat sy eniggebore Seun gestuur het om vir al haar sondes te betaal. Toe sy hoor dat haar Verlosser die dorp binnegekom het, was sy deur genade en vergifnis beweeg om liefde te bewys. Maar ook haar geloof. In vers 50 sê Jesus vir haar: “*Jou geloof het jou gered.*”

Deur ’n ware geloof breek ons harte oor ons sonde en ons kan ons trane nie keer nie. Deur ’n ware geloof kom ons na die Here in oorgawe en val dankbaar aan sy voete neer. Dit is slegs deur ’n ware geloof dat sy by die voete die Here neerval en haar liefde bewys.

**Wat was die vrou se gesindheid waarmee sy na Christus toe kom?**

Dit was met geloof, maar ook met liefde. Nie in die eerste plek haar liefde vir Jesus nie, maar eers God se liefde vir haar!

**En Simon, wat van hom?**

Geliefdes, van die skuldenaar wat dink dat hy sy eie skuld kan betaal. Nee, nog erger. Van ’n skuldenaar wat nie die noodsaaklikheid sien dat sy skuld vergewe moet word nie, van só ’n persoon is daar geen liefde nie.

Simon laat ons dink aan die Fariseër wat tempel toe gegaan het om te bid. Wat gaan staan het en oor homself gebid het: ‘*God, ek dank U dat ek nie soos die ander mense is, wat roof,*

*onreg doen en egbreuk pleeg nie, en ook nie soos hierdie tollenaar nie. Ek vas twee keer per week, en ek gee ŉ tiende van alles wat ek verdien.*'

Die vrou laat ons dink aan die tollenaar wat op ŉ afstand bly staan, nie na die hemel opkyk nie, maar op sy bors slaan en sê '*O God, wees my, die sondaar, genadig!*'

Geliefdes, met watse gesindheid kom ons vandag na die nagmaaltafel? Want dit is net die een wat met die regte gesindheid van die tafel af weggaan as iemand wie se saak met God reg is.

Kyk hoe pragtig is vers 50. Jesus sê vir die vrou, voor al die gaste: "*Jou geloof het jou gered. Gaan in vrede.*"

Haar identiteit is nie meer een van sondares nie. Al beskou die hele dorp haar nog as ŉ sondares, is haar naam in die hemelse Jerusalem as verloste opgeskrywe. En van nou af het sy ŉ vrede wat alle verstand te bowe gaan.

**[LP]**

3. **<u>Slot</u>**

Geliefdes, ek sluit af.

In die begin het ons gesê dat Lukas die verhaal eintlik stomp afsluit. Aan die einde weet ons gladnie hoe die gaste of Simon reageer het nie. Maar dit is juis die punt. Vir ons wat die verhaal gehoor het, die twee gesindhede gesien het, word die vraag gestel: Wat is jou gesindheid waarmee jy na die Here Jesus kom?

As ons na die tafel kom, dan kom ons in die eerste plek as sondaars wat uitroep: "*O God, wees my, genadig.*" Ons kom met trane en gebroke harte. Maar ons kom uiters dankbaar, nederig en vol liefde.

Ons kom, gedryf deur die liefde van God en gelei deur die geloof na die tafel van die Here. Ons kom nie net om te ontvang nie, maar ook om liefde te bewys.

Op die vraag: "Wie mag Nagmaal gebruik?", antwoord die Kategismus (vraag 81): "*Hulle wat hulle sondes bely, wat hulle verlossing in Christus soek en wat* ŉ *lewe van dankbaarheid wil lei.*"

Kom geliefdes, kom in die geloof en ontvang die bevestiging: "*Jou sondes is vergewe, deur geloof is jy gered. Gaan in vrede.*"

# Amen